



COVID-19-ENTSTOWWE: Wat jy moet weet



Nie seker of jy die COVID-19-entstof moet kry nie?

- Dis normaal om vrae te hê.
- Entstowwe het al 'n einde gebring aan pandemies soos polio en masels. Babas en kinders word ingeënt om te voorkom dat hulle hierdie en ander siektes kry.
- COVID-19-entstowwe is veilig en dit red reeds lewens in baie lande.



COVID-19-entstowwe is veilig en doeltreffend

- Met meer as 4 miljard mense wat ingeënt is, het net 'n baie klein getal 'n ernstige nuwe-effek gehad.
- Entstowwe beskerm teen ernstige COVID-19-siekte en sterfte.
- Entstowwe red reeds duisende lewens.



Hoe werk die entstof?

- Die entstof lei jou immuunstelsel op om die koronavirus te herken.
- As jy dan COVID-19 kry, sal jou immuunstelsel aan die werk spring en keer dat jy ernstig siek raak.



Hoekom het ek die entstof nodig?

- Daar is geen geneesmiddel vir COVID-19 nie.
- Entstowwe sal keer dat jy baie siek raak met COVID-19 of daaraan sterf.
- Inenting is ons beste beskerming teen meer "vlae" van COVID-19 en om weer 'n meer normale lewe te lei.
- Dit is veral belangrik as jy 50 jaar oud of ouer is; jou risiko is groter om aan COVID-19 te sterf.

Sal ek COVID-19 kry van die entstof, of sal dit my siek maak?

- Nee, die virus is nie in die entstof nie en jy sal nie COVID-19 kry van die entstof nie.
- Baie mense het ligte nuwe-effekte soos hoofpyn en koors. Dit begin so 6 uur na inenting en hou 1 tot 2 dae aan.
- Dit wys dat die immuunstelsel besig is om reg te maak om COVID-19 te beveg.





Wie kan die COVID-19-entstof kry?

Almal wat 12 jaar oud en ouer is kan die entstof kry.



Hoe kry ek die entstof?

- Inenting is vinnig, maklik en gratis. Dis nie nodig om eers te registreer nie.
- Gaan na 'n inentingsperseel naby jou. Neem jou ID saam. Kry jou inenting binne 30 minute.
- Die meeste inentingspersele is deur die week oop; ander is ook naweke oop.
- Nuwe inentingspersele word elke week geaktiveer. Kontak die Wes-Kaapse inbelsentrum vir die nuutste lys van COVID-19-inentingspersele.
- As jy bejaard of bedlënd is en nie jou huis kan verlaat nie, kan jy jou inenting by die huis kry.



Hoe kan ek help?

- Kry jou inligting van betroubare bronne. Vir meer inligting, gaan asseblief na <https://coronavirus.westerncape.gov.za/vaccine/>



Het ek die entstof nodig as ek COVID-19 gehad het?

- Ja, die natuurlike immuniteit van infeksie is nie so sterk nie en hou nie so lank aan nie.
- Jy kan 30 dae nadat jy COVID-19 gekry het die entstof kry.



Hoe gou na my inenting is ek beskerm teen COVID-19?

18 jaar oud en ouer

- 4 weke na 'n enkeldosis-inenting (Janssen of J&J).
- 2 weke na die tweede dosis van 'n tweedosis-inenting (Pfizer).

12 tot 17 jaar

- 3 tot 4 weke na 'n enkeldosis van die Pfizer-entstof.

Entstowwe is nie 100% doeltreffend nie.

Gaan voort om COVID-19-voorsorgmaatreëls toe te pas:



- Dra 'n masker



- Was jou hande



- Behou 'n veilige fisieke afstand tussen jou en ander mense



- Vermy groot groepe mense en beknoppte areas

**Kom ons werk saam om 'n einde te bring aan ernstige COVID-19.
Kry jou inenting so gou as wat jy kan.**



Wes-Kaapse
Regering

Wes-Kaapse inbelsentrum:
0860 142 142
www.westerncape.gov.za